**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)

Hersiening No.: 1649/2004

In die hersiening van:

**DIE STAAT**

teen

**MOHLOMI PETRUS RAMPONE** Beskuldigde no. 1

**SPRINGBOK VINGER** Beskuldigde no. 2

---

**CORAM:** CILLIé R *et* VAN DER MERWE R

---

**UITSPRAAK:** VAN DER MERWE R

---

**GELEWER OP:** 2 DESEMBER 2004

---

[1] Die beskuldigdes is beide skuldig bevind aan diefstal van dieselfde skaap. Op 9 September 2004 is hul elkeen gevonnis tot 12 maande gevangenisstraf.

[2] Gedurende die staatsaak is getuienis aangebied van

verklarings wat elk van die beskuldigdes aan die ondersoekbeampte, 'n inspekteur in die Suid-Afrikaanse Polisiediens, afgelê het. Elkeen van hierdie verklarings kom na my oordeel neer op 'n bekentenis en was derhalwe nie toelaatbaar as getuienis teen die beskuldigdes nie. Die skuldigbevindings van die beskuldigdes is egter geregverdig op die oorblywende getuienis op rekord met uitsluiting van die ontoelaatbare bekentenisse. Die skuldigbevindings kan dus bekragtig word.

[3] Die beskuldigdes was beide werksaam op 'n ander plaas dan die plaas waar die skaap gesteel is. Hulle het die skaap, wat 'n stoetooi was, en waarvan die waarde ongeveer R500,00 tot R1000,00 was, in die nag uit die skaapkraal verwyder en by hul woonplek gaan slag. Die beskuldigdes het die skaapvleis gedeel. Die meeste van die vleis is egter gevind deur die polisie en is daarop beslag gelê.

[4] Beskuldigde no. 1 is 42 jaar oud en 'n eerste oortreder. Hy

was tydens die verhoor steeds werksaam op die gemelde plaas. Hy het daar reeds vir 'n tydperk van 4 jaar gewerk en die skamele bedrag van R350,00 per maand, d.w.s. veel minder dan die voorgeskrewe minimum loon vir 'n plaasarbeider, verdien. Hy is getroud, maar sy vrou werk nie want sy is sieklik. Hy en sy vrou het ses kinders waarvan die ouderdomme wissel tussen 21 jaar oud en 2 jaar oud. Toe hy die hof voor vonnis toegespreek het, het die beskuldigde erken dat hy die skaap gesteel het en verklaar dat hy baie berou het daaroor.

[5] Beskuldigde no. 2 is 27 jaar oud. Hy was ook ten tye van die verhoor steeds werksaam op die gemelde plaas, waar hy reeds vir 'n tydperk van 5 jaar werksaam was. Hy het bevestig dat ook hy die bedrag van R350,00 per maand verdien het. Daaruit moes die arbeiders, volgens hom, ook nog meel koop en betaal vir behuising. Hy is getroud, sy vrou is werkloos en hul het twee klein kinders, 2 jaar en 1 jaar oud onderskeidelik. Hy het ook in sy betoog ter strafversagting erken dat hy tesame met beskuldigde no. 1

die skaap gesteel het en verskoning daaroor aangebied.

[6] In die lig van die voormelde omstandighede is die vonnis van 12 maande gevangenisstraf wat aan elk van die beskuldigdes opgelê is, so buitensporig dat dit nie ooreenkomstig die reg is nie en tersyde gestel moet word. ‘n Vonnis van 4 maande gevangenisstraf vir elk van die beskuldigdes is in hierdie omstandighede na my oordeel gepas.

[7] Gevolglik word die skuldigbevindings bekragtig maar die opgelegde vonnisse tersyde gestel en vervang met ‘n vonnis van 4 maande gevangenisstraf ten opsigte van elk van die beskuldigdes wat geag moet word opgelê te gewees het op 9 September 2004.

**C.H.G. VAN DER MERWE, R**

EK STEM SAAM:

**C.B. CILLIé, R**

/ec